

KNAPSAK



RAPPORTRYERS



DRAERS VAN DIE BOODSKAP

UITGAWE 58 | SEPTEMBER 2026

- Presidentsboodskap
- Zambezi Tak Stigting
- Nuwe Lede
- Aksies
- Bybelvasvra

BOODSKAP VAN DIE PRESIDENT



Beste Rapportryers

Die uitdunrondtes van die Bybelvasvrae is afgehandel, 'n nuwe tak is gestig en regoor die land is ons takke in volle swang met die laaste projekte van die jaar! **LEKKERRRR!**

Dit is besonders om te sien hoe die Rapportryerbeweging groei, beweeg en steeds nuwe energie kry.

• Bybelvasvrae – 'n Vlagskipprojek om op trots te wees

Met 'n rekordgetal spanne en skole wat vanjaar aan die Bybelvasvrae-kompetisie deelgeneem het, kan ons met reg trots wees op hierdie besondere projek. Die visie om in die toekoms ook 'n afdeling vir volwassenes daar te stel, maak die moontlikhede nóg groter.

Dit is inderdaad 'n voorreg om deel te wees van hierdie mooiste vlagskipprojek van die Rapportryers – 'n projek wat nie net kennis bevorder nie, maar ook jongmense aan die Woord van God, geloof en ons waardes blootstel.

'n Groot dankie aan Jan Pieterse, ons Nasionale Sekretaris, en sy span vir hul ongelooflike toewyding en harde werk om hierdie rondtes suksesvol af te handel.

Ons sien met groot opgewondenheid uit na die finale rondte by Udolphu in Parys!

Die spanne wat aan die finale rondte gaan deelneem, is as volg:



BYBELVASVRA 2026
TOP 10 (LS) & TOP 4 (HS) SPANNE WAT KWALIFISEER VIR DIE FINAAL

LAERSKOLE – TOP 10		
1	Laerskool Elarduspark	Pretoria
2	Laerskool Hennospark	Pretoria
3	Laerskool Northmead	Northmead
4	Laerskool Mooirivier	Potchefstroom
5	Laerskool Menlopark	Pretoria
6	Laerskool Pietersburg-Oos	Polokwane
7	Laerskool Wierdapark	Pretoria
8	Laerskool Rustenburg	Rustenburg
9	Laerskool Constantiastad	Pretoria
10	Laerskool Proteapark	Rustenburg

HOÛRSKOLE – TOP 4		
1	Hoërskool Dirk Postma	Pretoria
2	Hoërskool Dirk Postma	Pretoria
3	Hoërskool Dirk Postma	Pretoria
4	Hoërskool Zwartkop	Centurion



Ken Jou Bybel

www.rapportryers.org.za • info@bybelvasvra.co.za

• 'n nuwe tak – Zambezitak

Op 19 Augustus is Zambezitak in Pretoria-Noord gestig, met 11 potensiële lede wat die stigtingsvergadering bygewoon het.

Die stigting van die nuwe tak het ontstaan uit 'n praktiese behoefte. Daar is talle belangstellende Rapportryers in die noorde van Pretoria, maar die afstand en verkeer maak dit moeilik om saans na Jakaranda se vergaderings te reis.

Nou is daar 'n tak nader aan hulle – 'n nuwe geleentheid om saam te kom, saam te bou en saam Rapportryer te wees!

BOODSKAP VAN DIE PRESIDENT



Johan Roos is die sameroeper van die nuwe tak en word ondersteun deur Gauteng se Raadslid, Johan Oosthuizen. Jakarandataak het ook mildelik bygedra tot die braai tydens die stigtingsgeleentheid, en heelwat Jakaranda-lede het die aand bygewoon om hul ondersteuning te betoon.

Dit is presies hierdie soort kameraadskap en ondersteuning wat 'n organisasie sterk maak.

- **Die Rapportryers groei**

En dit stop nie daar nie!

Daar is tans goeie vooruitsigte vir die stigting van nuwe takke in Krugersdorp, Nelspruit en Richardsbaai. 'n Hele aantal ander moontlike gebiede is ook reeds op die tafel en word verder ondersoek deur ons toegewyde Raadslede. Elke nuwe tak beteken nuwe mense, nuwe vriendskappe, nuwe idees en nuwe geleenthede om 'n verskil te maak.

Dit is voorwaar 'n riem onder die hart om maand na maand die aktiwiteite van ons takke landswyd te sien en te ervaar. Om te sien hoe lede met entoesiasme deelneem, bydra en meeleeft, herinner ons weer daaraan waarom ons deel is van hierdie besondere organisasie.

- **Kom ons RAPPORTRYER!**

Baie sterkte aan elke tak en elke Rapportryer met die talle projekte en aktiwiteite wat nog voorlê in die laaste kwartaal van die jaar.

Ek sien deesdae die slagspreuk rondom die All Blacks se toer:

“Dit is hoe ek RUGBY!”

Of selfs die vraag:

“Hoe RUGBY jy?”

Rugby word as 'n werkwoord gebruik.

Wel, dan wil ek ook graag so afsluit:

Kom ons RAPPORTRYER!

Kom ons **RAPPORTRYER** voluit vir die res van die jaar!

Kom ons wees betrokke.

Kom ons woel.

Kom ons ondersteun mekaar.

Kom ons bly 'n verskil maak.

En, bo alles, kom ons wees somer net lekker mense in die uitvoering daarvan!

En dalk is dit goed om juis hieraan herinner te word deur die woorde van Koos Doep:

**“Wat ek is, is net genade.
Wat ek het, is net geleen...
Al die aardse drome van rykdom en roem
is bloot 'n skadu teen die muur!”**

Laat ons daarom die res van hierdie jaar voluit leef, voluit dien, voluit saamstaan en voluit **RAPPORTRYER!**

Mag elke Rapportryer se bydrae – groot of klein – 'n verskil maak.

RAPPORTRYER lekker!

Johann Marais

NUWE TAK



Rapportryers Zambezi
19 Augustus 2026

ZAMBEZI - Gestig 19 Augustus 2026



Die President, Johann Marais, spreek die lede van die nuwe tak toe en deel sy visie vir die pad vorentoe.

Zambezi Tak Opening

NUWE TAK



ZAMBEZI - Gestig 19 Augustus 2026



Nuwe tak, nuwe horisonne!

Die nuwe Zambezi-tak is onlangs onder leiding van Johan Roos gestig.

Die President, Johann Marais, en ander lede van die bestuur het die geleentheid bygewoon. Dit is wonderlik om te sien hoe die Rapportryers aanhou groei en nuwe horisonne bereik!

En ons staan beslis nie stil nie...

Groot planne is reeds in die pyplyn vir nóg nuwe takke regoor die land. Ons sien uit na alles wat voorlê!

Ná afloop van die formaliteite is daar natuurlik op egte Rapportryer-styl lekker saamgekuier, gelag en gebräai.

Die Rapportryers groei — en die lekker boodskap versprei!

Hou hierdie spasie dop... Daar is nog groot dinge op pad!

Zambezi Tak Opening

Nuwe instellings



Die Rapportryerfamilie groei!

Dit is vir ons 'n groot voorreg om nuwe lede te verwelkom wat ons waardes, visie en liefde vir Afrikaans deel.

Mag julle hier tuis voel, nuwe vriendskappe bou en saam met ons 'n verskil maak.
Baie welkom by Die Rapportryers - ons sien uit daarna om saam met julle die pad vorentoe te stap!



Vlnr.: Nicolas van Rensburg, Okkie Conradie, Japie Louw, Armand Roux en Voorsitter Heinie Fourie.

“N MAN SE GROOTSTE RYKDOM IS NIE WAT HY HET NIE, MAAR DIE FAMILIE WAARNA HY HUIS TOE KOM.”

Aksies



Die **Bethlehem Rapportryers** het hul moue opgerol en heerlike pannekoek by die Boeremark gebak.

Met die geur van varsgebakte pannekoek in die lug en 'n vriendelike glimlag vir elke besoeker, was dit 'n wonderlike geleentheid om nie net fondse in te samel nie, maar ook die Rapportryers se teenwoordigheid in die gemeenskap uit te leef.



Bethlehem

Aksies



BETHLEHEM RAPPORTRYERS SE WINTER-KUIERAAND

'n Heerlike aand van kuier, musiek en saamwees!
Die Bethlehem Rapportryers het die winter behoorlik warm gemaak met 'n spesiale kuieraand saam met die dames, ter viering van Nasionale Vrouedag.

Die aand se tema was 'n prettige musiekspeletjie rondom bekende vrouesangers – 'n perfekte resep vir lekker lag, sing, onthou en natuurlik 'n bietjie kompetisie!

Dankie aan almal wat saamgekuier het en die aand so besonders gemaak het. Dit is juis hierdie geleentheid van vriendskap, gemeenskap en saamwees wat die Rapportryers so spesiaal maak.



Bethlehem

Aksies




Rustenburg, Boekenhout Tak, onder die bekwame leiding van David, Wihan en Johann, het 'n uiters suksesvolle Gholfdag aangebied.

Dit was 'n dag gevul met goeie geselskap, sportmangees, spanwerk en waardevolle ondersteuning vanuit die gemeenskap. Die geleentheid het nie net vir groot pret gesorg nie, maar het ook die sterk samewerking en betrokkenheid van ons Rapportryers uitgelig.

'n Opregte woord van dank aan elke speler, borg, ondersteuner en helper wat hierdie dag moontlik gemaak het. Julle bydraes en entoesiasme het van die dag 'n besondere sukses gemaak.

Baie geluk aan David, Wihan en Johann vir die uitstekende beplanning en uitvoering van die geleentheid. Julle harde werk en toewyding het beslis vrugte afgewerp!



Boekenhout

Aksies




 Caledon kuier lekker rondom 'n smaaklike biefstukete én unieke Overberg-stories deur Gert Blits en Human du Toit!

Caledon

Aksies



K E T T I E S K I E T



Ketties, pret en goeie mik!

Die Danie Theron Rapportryers het 'n besonderse suksesvolle kettiekompetisie in Kimberley aangebied.

Jonk en oud het met groot entoesiasme deelgeneem, hul mikvernuf ten toon gestel en meegeding om baie lekker pryse. Die dag was gevul met goeie gees, vriendelike kompetisie en baie pret.



Danie Theron

Aksies



**Die Rapportryers van Grahamstad
het die Carinus Kunsskool se
kunsveiling bygewoon.
Die geleentheid is in die 1820
Settlers National Monument in
Makhanda (voorheen Grahamstad)
aangebied.**



Grahamstad

Aksies



Wat 'n besondere geleentheid om as Jakaranda Rapportryers deel te wees van Kragdag 2026! Ons deelname is deel van ons fondsinsameling vir uitreikaksies en ondersteuning aan behoeftige gemeenskappe.



Jakaranda

Aksies



Jakaranda Rapportryers en Zambezi maak hul merk!

Jakaranda en Zambezi, was trots teenwoordig by Zambezi Aftreeoord se Golfdag by die Irene Golfklub. Die Rapportryer-vlae het behoorlik in die vroeë Augustuswind gewaai en gewys dat ons gereed is om ons merk te maak!

Ons het die voorreg gehad om onder andere adv. Gerrie Nel van AfriForum te verwelkom, wat ons kom besoek en ons sterkte toegewens het met die vestiging van die nuwe Zambezi-tak.



Jakaranda neem deel aan Die Voortrekkers se Mōl Hōl. Die span het algeheel 4de geëindig en is bekroon met die beste "foto projeksies" van die dag.



Jakaranda



'n Besondere historiese oomblik Newcastle Rapportryers

Die Newcastle-tak van die MOTHs het 'n inisiatief van stapel gestuur wat beoog word om nasionaal uitgerol te word in samewerking met die Rapportryers - en ander kultuurgenote. Onder die gaste was die vyfde- en sesde-generasie Potgieters, afstammelinge van die eerste Potgieter-familielede wat in die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog omgekom het - 'n tasbare skakel tussen ons geskiedenis en die nageslag wat vandag steeds die erfenis dra

Aksies



Newcastle Rapportryers se
Bingo-aande :
Hier is dit LEKKER!
Lekker mense,
Lekker kuier,
Lekker lag,
Lekker speel... BINGO!



'n Lekker Skaapbraai vir Bergsiggemeente

Newcastle

Aksies



Genade in Aksie - Hoop in Aksie

Sedert 2011 bring Genade in Aksie hoop en praktiese hulp aan minderbevoorregte gesinne in Bloemfontein. Met liefde en deernis ondersteun hulle mense in nood deur onder meer kos, klere, beddegoed en finansiële hulp te voorsien.

Die organisasie is afhanklik van die ondersteuning van die publiek, besighede en vrywilligers. Elke bydrae, groot of klein, maak 'n tasbare verskil en help om waardigheid te herstel en hoop te bring. Wanneer 'n gemeenskap saamstaan, word genade ware aksie.



Die pannekoeke was warm, die gees was groot en die ondersteuning was ongelooflik!

Die Rapportryers het heerlike pannekoeke gebak tydens die SA Klubkampioenskappe Toutrek.

Dit alles ten bate van die Carel du Toit Sentrum vir Gehoorgestremdes. So maak ons 'n verskil in die gemeenskap!

SA KLUBKAMPIOENSKAPPE

TOUTREK

5 - 6 JUNIE 2025

HOÛRSKOOL PRESIDENT STEYN

Atlete het hul staal gewys op die tou, en die **Rapportryers** was deel van die aksie, gees en gemeenskap!

ATLETE. GEES. GEMEENSAP.

SAAM TREK ONS STERK AAN!

DANKIE AAN ALMAL WAT ONDERSTEUN!

Dancakes het heerlike pannekoeke gemaak en 'n gedeelte van die opbrengs word aan **RRB** geskenk vir die Carel du Toit-huis.

RRB ontvang die donasie ten bate van

Carel du Toit
Skool vir Gehoorgestremdes

♥ ELKE PANNEKOEK MAAK 'N VERSKIL. | BAIE DANKIE VIR JOU ONDERSTEUNING! | *Saam* TREK ONS **STERK** aan! ♥

Oranje

Aksies



'n Besondere aand van samesyn en omgee.

Die Wellington Museum het onlangs 'n nuwe uitstalling bekend gestel, maar die ware doel van die Sop-en-Wyn-aand was om vir die ATKV en Rapportryers die geleentheid te gee om saam te kuier, idees uit te ruil en verhoudings te versterk.

Met ons projekte en funksies wat hierdie jaar verdubbel het, sien ons met groot opgewondenheid uit na alles wat nog voorlê.

Teen 20:00 is al die oorskiet sop en broodjies uitgedeel aan petroljoggies wat in die koue, mistige Boland-aand aan diens was.



Het jy geweet?

Wellington het 'n besondere plek in die geskiedenis van Afrikaans?
Wellington is diep verweef met die ontwikkeling en vestiging van Afrikaans as taal. Die dorp se geskiedenis sluit onder meer die Genootskap van Regte Afrikaners en die vroeë Afrikaanse taalbeweging in.

Wellington



BAIE DANKIE Boekenhout/Rustenburg

tak wat R19 500 geskenk het,
om die Bybelvasvrae uitdunne,
by die ATKV Buffelspoort aan te bied!



Augustus

was 'n maand van
Bybelkennis, uitdaging
en lekker kompetisie!




Verskeie takke regoor
die land het aan die
Nasionale Bybelvasvra
deelgeneem en hul kennis
van God se Woord op die
proef gestel.



Dit is wonderlik om te sien
hoe ons jongmense saam leer,
groeï en hul geloof uit leef.

Dis meer as 'n
kompetisie – dit is
'n belegging in hulle
toekoms!



Bybelvasvra





KEN DIE HERE.
LEEF SY WOORD.
WEES 'N VOORBEELD.

Bybelvasvra
— 2026 —

Niemand mag op jou neersien
omdat jy jonk is nie,

maar wees jy

vir die gelowiges 'n voorbeeld
in woord en gedrag,
in liefde, geloof en reinheid.

• 1 TIMOTEUS 4:12 •







RAPPORTRYERS

DRAERS VAN DIE BOODSKAP



Word deel RAPPORTRYERS

DRAERS VAN DIE BOODSKAP

Saam bou ons voort aan ons erfenis,
geskiedenis, kultuur en toekomsgerigte visie.

SLUIT AAN >



Meer Inligting
www.rapportryers.org.za



*Skakel
Ons*



www.rapportryers.org.za



@Rapportryers - RRB



082 678 7321



admin@rapportryers.org.za



Skandeer

RAPPORTRYERS

DIE BESTE REIS...

*is nie die een
wat jy alleen
⇒ stap nie. ⇐*

DIT IS DIE PAD
⇒ wat jy ⇐
SAAM STAP.



★ WWW.RAPPORTRYERS.ORG.ZA ★